NUWE JAAR

# NUWE DINGE!

Hondeopleiding kom deesdae in baie verskillende kleure en geure en verskil van mekaar soos 'n Pug van 'n Great Dane. Jy mag dalk self daaroor dink om by 'n klas aan te sluit, maar soms mag dit oorweldigend wees en mens weet nie noodwendig watter kant toe nie.



Vir ons Afrikaanse Lesers

deur Monique de Jager

## Klasse vir jong hondjies

"Puppy classes" is heel waarskynlik die heel belangrikste klas / klasse wat jou hondjie ooit sal bywoon, mits dit vroeg genoeg is (tussen 8 en 12 weke).

'n Goed georganiseerde klas sal goud werd wees, aangesien dit maklik is om teruggetrokke hondjies te oorweldig en emosionele skade op die langtermyn te veroorsaak. As rof speel aanhoudend onbeheersd uitwoed kan daar fisiese probleme en later emosionele probleme ontstaan. Iets eenvoudig soos om jong hondjies aan verskillende oppervlak teksture bloot te stel, sal hulle in staat stel om donderweer en harde klanke as volwasse honde beter te hanteer, en 'n hondeskool wat op standaard is – sal hierdie tipe aktiwiteite in die kurrikulum insluit.

Omdat die brein soos 'n spons is tot en met die ouderdom van 12 weke wil mens hierdie typerk optimaal benut en die hond voorberei vir opleiding later.

## Fondasie Kursus (Obedience)

Hierdie tipe kursus is gewoonlik vir honde van ses maande en ouer, mits die hond emosioneel bekwaam is om in 'n groep te kan funksioneer. Dit sluit in basiese opdragte soos sit, lê, leibandloop, en luister wanneer daar geroep word, om 'n paar te noem. Die klasse kan ook tot 'n meer gevorderde vlak gaan waar daar byvoorbeeld aan "bly" vir langer tye en loop langs die eienaar sonder 'n leiband gewerk word.

Daar is ook verskeie vlakke en formele kompetisies wat aangebied word in hierdie dissiplines. KUSA se 'Canine Good Citizen' kwalifikasies sal in die katergorie wees waar daar byvoorbeeld 'n brons, silwer en goue vlak van prestasie behaal kan word.

## Reukwerk

Hierdie tipe klasse is goed vir enige ouderdom hond en veral vir diegene wat aan die ouer kant is, hiperaktief is, of ook selfs mobilieitsprobleme het (want al wat hul nodig het is hul neus).

Daar is ook verskeie vlakke binne die kategorie en mens kan kreatief wees en allerande veilige reuke in so 'n kursus inkorporeer. Let wel, dat die reuk verkieslik nie oorweldigend vir die hond moet wees nie aangesien honde se neuse 10 – 100 000 keer meer sensitief as mense sin is. 'n Paar gewilde opsies sluit sipres, naeltjie, anys en vetivergras olie in. Die honde word opgelei om elke reuk apart te kan identifiseer en hulle soek dan die olies in verskillende houers en op verskeie wegsteekplekke.





## Honde Hoepels (Hoopers)

Dit is basies die moderne, veiliger weergawe van agility en dus meer geskik vir honde van verskillende posture en groottes. Die grootste verskil met hierdie weergawe van die sport, is dat die honde nie oor paaltjies spring nie, en sodoende meeste van die impak en risiko tot beserings uit die sport haal.

## "Agility"

Hierdie is 'n gunsteling vir baie eienaars met Border Collies, miniatuur Schnauzers en klein tot medium-grootte honde lig op hul voete wat spoed en hoogtes kan navigeer deur 'n hindernisbaan.

Die baan sluit gewoonlik tonnels, spring paaltjies en slalompale in – hierdie honde kan afhanklik van hul eienaars werk en fokus op lyftaal gebare sowel as verbale bevele.

Hierdie aktiwiteit is uiteraard goed vir fisieke oefening en fiksheid, maar dit kan ook stram op gewrigte wees weens die hoë spoed en gereelde impak wanneer die honde land na 'n sprong.

## WAT IS 'N MOOI AFRIKAANSE WOORD VIR "AGILITY"

**STUUR JOU ANTWOORD NA**
woofs@welovepetssa.co.za

## Mensspoorvolging

Hierdie is een van my persoonlike gunstelinge want dit aktifeer die hond se "SOEK" sisteem. Dit is die sisteem wat in sosiale spesies se breine geprogrammeer is om belonings in die alledaagse lewe te verwag en daarna uit te sien.

Dit kan bes beskryf word as die glinster in jou hond se oë as jy aan die koekieblik vat, want hulle weet iets lekker is oppad, of die gevoel wat jy het net voor jy 'n present in 'n pragtige pakkie oopmaak.

In die dissipline leer die hond dat daar belonings volg sodoende hy die persoon vind. Die hond word geleer om die persoon se reuk in die lug en op die grond te volg van 'n persoonlike item af (of selfs waar hulle in aanraking was met iets soos 'n kar sitplek of ander persoon). Die sport kan opgedeel word in 'n kategorie vir pret en plesier en ook dan vir meer enstige gebruik soos in die polisie wanneer daar na verdagtes of vermiste persone gesoek word.

Die vlakke van maklik na moeilik word ook aangepas soos die hond vorder om byvoorbeeld langer soektogte, of water en skemertoestande in te sluit.

## Hondejoga (K9 Yoga)

Fokus, kalmte, strek, sterk spiere en algehele mobilitiet is die grondslag waarop hierdie klasse geskoei is.

Die hond leer op 'n veilige manier hoe om meer bewus te wees van waar hul liggaamsdele (soos agterbene) is. Honde is baie minder bewus van hul agterbene as wat ons besef en swak liggaamsorientasie kan lei tot beserings in die alledaagse lewe.

Hierdie klasse fokus ook om die hond se kern te versterk sodat daar potensiaal minder beserings plaasvind met rof speel of aktiwiteite soos 'agility' byvoorbeeld.

## Toertjies


Toertjies is fantasties om die band tussen jou en jou hond te versterk, dit bou die hond se selfvertroue en kan in die gemak van jou eie huis geofen word.

KUSA het 'n aanlyn "Trick Dog" platform waar mens video's neem en instuur hoe jy en jou hond 'n paar toertjies doen van 'n spesifike kieslys af. Daar is ook verskeie vlakke van maklik na moeilik om mens aan die gang te kry.

## Vliegbal "Flyball"

Flyball is 'n opwindende spanhondsport waar vier honde om die beurt oor vier hindernisse spring, 'n bal uit 'n springkas haal en terughardloop. Die span met die vinnigste, foutlose tyd wen.

Hindernishoogtes word bepaal deur die kleinste hond in die span.



## Beskermingswerk

Beskermingswerk is 'n hondesport waar honde opgelei word om selfvertroue, gehoorsaamheid en beheer toe te pas terwyl hulle 'n verdagte "aanval" en vashou op bevel.

Dit sluit spesifieke oefeninge soos soekwerk, waghou en bytbeheer in. Die sport vereis 'n sterk band tussen hond en handteerder, met 'n groot fokus op dissipline en beheer.

Hierdie kan gevaarlike terrein word as die instansie fokus om die hond se beweging te beperk en die hond uit vrees byt in plaas van selfvertroue.

Doen jou huiswerk voor jy 'n besluit maak, dinge kan skeef loop met die verkeerde instansie of as jy 'n angstige hond het wat reeds aggresiewe gedrag toon.

**Dit is in 'n neutedop 'n goeie oorsig oor meeste van die bekende honde-sportaktiwiteite deesdae beskikbaar. Hou in gedagte dat nie alle honde in 'n groepklas kan, (of wil) funksioneer nie en daardie honde sal eerder baat by privaatklasse.**

**Elke hond is 'n individu en daardie hond se behoeftes sal bepaal wat die beste pad vorentoe sal insluit. Klasse vir jong hondjies en 'n fondasie kursus is baie keer nodig vir die hond om later iets soos beskermingswerk te doen omdat die hond 'n fondasie en begrip van sekere aksies benodig.**